

KENNISGEWING 2
na aanleiding van COVID-19
26 Maart 2020

Efesiërs 3:10-13(a) - Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim, soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring. In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan. Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word (nie) ...

Liewe Vriende

Die predikante het vanoggend met ons byeenkoms weereens daarvan bewus geword hoe getrou God is. Ons het weer die teks geles wat God vir ons September 2019 gegee het tydens ons jaarlikse beplanning. Vers 10-13 van Efesiërs 3 herinner ons daaraan dat God Sy wysheid deur die kerk (deur ons almal) bekend maak. Deel van die wysheid waarvan ons nie net kan seker wees nie, maar ook moet leef en verkondig, is dat ons nie moedeloos moet word nie, want ons leef in verbondheid aan en met vertrouwe in die God van die heelal, wat met wysheid en almag regeer!! Mag hierdie wete jou die moed gee vir die inperkingstyd wat vir ons voorlê.

Die maatreëls wat President Ramaphosa aangekondig het, bring mee dat ons verlede week se reëlins moet verander.

Die inperkingstyd (*lockdown*) stel opnuut uitdagings en eise tov ons bediening aan lidmate. As predikantespan wil ons jou verseker dat ons in hierdie tyd na die beste van ons vermoë ons bediening wil inrig om jou as lidmaat so effektief as moontlik geestelike te versorg. Neem vrymoedigheid om ons te kontak indien nodig.

Met navraag aan die SAPD is ons ingelig dat ons nie toegelaat sal word om die erediens in die kerkgebou op te neem nie. Die kerkraad sal egter die situasie monitor en **na 16 April 2020, wanneer die inperkingstyd verstryk, weer besin** oor die pad vorentoe. Vir die huidige geld die volgende reëlins dus vir die gemeente met **onmiddellike effek** tot verdere kennisgewing.

EREDIENSTE

1. Predikante neem tuis 'n boodskap op. Hierdie boodskap sal:

- a. 'n **videobeeld** wees, maar sal noodwendig 'n vereenvoudigde, korter beeldopname wees omdat ons nie die internet wil oorlaai nie, maar ook die data gebruik van lidmate in ag wil neem.
- b. as **mp3** beskikbaar wees.
- c. as **getikte weergawe** beskikbaar wees.

As jy die afgelope tyd **meer as eenkeer dieselfde boodskap ontvang het**, of dalk op verskillende platforms dieselfde boodskap ontvang het, vra ons verskoning. Ons het nie die infrastruktuur om dit te verhoed nie, en probeer ons bes om alle inligting by ons gemeentelede uit te kry.

Aangesien die **weeklikse e-nuus**, asook ons **bulletin van Sondag** nie uitgestuur kan word nie, gaan ons die volgende platforms gebruik om boodskappe en inligting te versprei.

1. Op die **Whatsappgroep** (wa) van die gemeente. Indien jy nog nie op hierdie groep is nie, volg gerus die volgende stappe:
 - a. Stoor die volgende nommer in jou selfoon se "contacts" as La Rochelle Gemeente: 0608917851.
 - b. Maak jou Whatsapp toep oop en soek "La Rochelle Gemeente" in jou kontakte.
 - c. Tik jou naam en van in die Whatsapp boodskaplyn.
 - d. Druk "send".
 - e. **OF** indien jy nie bogenoemde proses wil volg nie, klik op die Whatsapp skakel wat jou uitnooi om by ons Whatsapp groep aan te sluit, vind die skakel op Facebook.

Neem kennis hierdie is 'n Whatsapp wat jy aan ons stuur nie 'n sms nie!

2. Op Facebook (fb) en Instagram (ig)



@La Rochelle Gemeente en



@larochellegemeente

3. Die gemeente se **webtuiste (wt)** <https://www.nglarochelle.co.za>
4. Gewone **e-posse** aan lidmate.

Die volgende is op bogenoemde platforms beskikbaar:

- | | |
|--|-----------------|
| 1. Video-opname van die preek | (wa, fb, wt) |
| 2. Klankopname van die preek (mp3) | (wt, wa, e-pos) |
| 3. Getikte preek | (wt, e-pos) |
| 4. Huisgeloof | (wt, wa, e-pos) |
| 5. Gebedsriglyne | (wt, wa, e-pos) |
| 6. Geloofsgewoontes: Maandag, Woensdag en Vrydag | (wa, fb) |

GEBED

1. Die predikante maak elke weksoggend van die gratis konferensiefasiliteit "Zoom" gebruik om saam te bid en op hoogte te bly van enige belangrike gebeure. Indien jy gebedsversoeke het, laat weet gerus vir een van ons, en ons sal graag voorbidding daarvoor doen. As jy meer direk voorbidding wil doen in hierdie tyd, stuur jou nommer na 084 619 2816 en word deel van die La Rochelle gebedsgroep via wa.

PASTORAAT EN HOSPITAALBESOEKE

1. Hospitaalbesoeke en gewone pastoraat is 'n uitdaging gegewe die huidige inperking. Ons is egter telefoniese beskikbaar vir gesprekke, en waar die aangekondigde maatreëls dit toelaat, vir besoeke. Wees egter verseker van ons gebede.
2. Ons kon nog nie sekerheid kry tov begrafnisse nie. Sodra ons meer weet sal ons jou dienooreenkomstig inlig.

VERSORGING

1. Baie dankie aan almal wat tyd en fondse aangebied het (ook die vorm ingevul het) om weerlose mense te bereik en te versorg. So IS ons kerk van Christus. Indien dit sou nodig word om van julle dienste en middele aan te wend, sal ons met julle kontak maak. Nogmaals dankie vir julle bereidwilligheid om die Here op hierdie manier te dien.

OFFERGAWES

1. Baie dankie aan almal wat reageer het op die versoek om offergawes direk oor te betaal. Ons loof en dank die Gewer van alle goeie gawes daarvoor.
2. Ons doen egter ook weer 'n beroep op jou om nie die geleentheid om met dankbaarheid die Here te dien met jou offergawes te verwaarloos nie. Die gemeente se bankbesonderhede is soos volg: NG Kerk La Rochelle, ABSA Bellville, Rek no: 1450580003, Tak: 523410

KERKKANTOOR

1. Die kerkkantoor sal vir die inperkingstyd gesluit wees en alle personeel is by hul huise. Indien jy dringend met een van hulle kontak moet maak, stuur asb. 'n e-pos na info@nglarochelle.org.za en nglarochelle@gmail.com.

Almal van ons beleef verskillende emosies oor wat gebeur het, en steeds besig is om te gebeur. Laat ons egter vashou aan die geloof en die hoop wat ons bely. Dit is gewortel en gegrondves in ons Here, Jesus, wat ook die Christus is.

Sterkte van ons as predikantespan en ook die personeel van die kerkkantoor.

Groete in Christus!!